

Inhoud God skep en herskep ons om heilig en reg vir sy liefde te wees. Hy is nie ons motiveringspreker nie. Volgens spiritueles is 'n menslike selfbeeld, 'n negatiewe selfbeeld en 'n goddelike selfbeeld 'n positiewe selfbeeld, om gewoon mens te wil wees is volgens hulle 'n negatiewe lewenshouding en om jouself goddelikheid te beleef die positiewe selfbeeld. Daarteen oor verander God nie onself beeld nie. Hy maak as mense wie Hy as mense vir Hom wil hê. Hy maak ons as mense heilig, foutloos en onberispelik volgens sy wet vir sy liefde deur Jesus Christus. So laat God ons nie positief leef nie, maar laat Hy ons in die verborgenheid van sy liefde vir ons leef. Gelowiges strewe na en bedink nie positiewe selfbeelde nie. Hulle strewe en bedink wie Jesus Christus hulle vir God laat wees.

Skriflesing Kolossense 1: 21 – 23, 3: 1 – 14.

Teks Kol. 3:1 “As julle dan saam met Christus opgewek is, streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit.”

Tema Christus laat ons strewe na wie Hy ons vir God laat wees

1. Is God ons groot Motiveerder en is predikante, pastore en priesters God se motiveringsprekers en die Bybel God se motiveringspraatjies?

Wat gebeur in en deur motiveringspraatjies? Met motiveringspraatjies wys motiveringsprekers jou om nie die negatiewe in jou omstandighede te sien nie maar die positiewe raak te sien en daarop te fokus. Hulle praat so met jou sodat jy jou selfbeeld moet verander, jy moet jou negatiewe swak selfbeeld na 'n positiewe sterk selfbeeld verander. Dit is wat motiveringsprekers met motiveringspraatjies bewerk – om jou te oortuig om met 'n positiewe selfbeeld die positiewe van die lewe raak te sien. Een van die predikers van hierdie verandering van jou selfbeeld was Norman Vincent Peale en sy trefsin waarmee hy as motiveringspreker vir God opgetree het was iets soos: “Positiewe gedagtes stel positiewe kragte vry wat positiewe resultate bewerk.”

Is God ons groot Motiveringspreker na wie se motiveringspraatjies ons in die Bybel moet luister?

Nee beslis nie!

God is totaal anders en Hy doen iets totaal anders. Hy motiveer ons nie. Hy is ons Skepper. Hy maak ons wie ons is. En dit is hoe u die openbaring in Paulus se woord in Kol. 1: 22 moet hoor: “maar nou het Hy julle deur sy menslike liggaam versoen, sodat Hy julle deur sy dood, heilig en sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel”

Hierdie is die openbaring van wat God met ons doen in en deur Jesus Christus. Dit is die magsdade van ons Skepper. Net soos die Here ons deur 'n magsdaad mens in ons moederskoot gemaak het! Net soos ons Skepper die heelal met al die miljarde galaksies gemaak het en onderhou, so is dit die heerlike magsdaad van God in

Christus laat ons strewe na wie Hy ons vir God laat wees

Christus waardeur Hy ons maak wat ons vir hom is – om as mense heilig, foutloos en onberispelik vir sy liefde te wees.

Paulus se aankondiging dat God ons só maak vir sy liefde is nie “love-bombing” nie. Hierdie begrip uit die sielkunde beskryf hoe mense jou ophemel en ‘n ophef van jou maak sodat hulle jou vir hulle begeertes en planne kan gebruik. Predikers wat as God se motiveringsprekers optree doen dit so: “Jy is spesiaal. Jy is uniek. Jy is enig en daar is net een soos jy. Jy is anders as al die ander. Jy is besonders. Jy is God se geliefde, God se droom, God se visie en God se missie. God het jou lief en het ‘n plan met jou. Nie een van al hierdie valse komplimente waarmee motiveringsprekers ons aanval staan in die Bybel nie. Die Here maak ons wie Hy ons wil hê. Hy laat ons nie goed voel oor onself om ons vir sy begeertes te gebruik nie.

2. God maak ons vir sy liefde, heilig, foutloos en onberispelik volgens die Tien gebooie. Hy maak my so en laat my so vir Hom mens wees. Die ironie van hierdie openbaring is dat ons dit eintlik glad nie kan of wil glo nie. As iemand vir mense vertel hoe spesiaal, unie, besonders en uitsonderlik hulle vir God is, val hulle baie maklik vir hierdie spirituele ophef en ophemeling wat van hulle gemaak word.

Wat is die verskil? Om te aanvaar dat jy vir God se liefde volgens die Tien Gebooie heilig, dit is volkome in die liefde wat die wet eis, in jou liefde volgens die eis van die wet foutloos en onberispelik vir God is – druis egter in teen alles wat ons van onself weet. Om jouself so te aanvaar is om te aanvaar jy is iets wat jy weet jyself nooit kan wees nie. Terwyl elkeen op een of ander manier glo hy of sy is spesiaal, uniek en uitsonderlik.

Hoe is ons heilig, foutloos en onberispelik vir God se liefde? En Paulus stel dit duidelik: deur Christus se menslike liggaam, bedoelende deur wie Hy vandag as lewende mens in die hemel is. (Kol. 1: 22) Die mens wat deur sy dood as offer vir ons onheiligheid, foute en oortredings die offerdood gesterf het in ons plek. (sodat Hy julle deur sy dood, heilig, foutloos en onberispelik voor Hom kan stel (Kol.1:22)

Dit is hoekom dit vir ons so moeilik is om onself so te aanvaar. Want ons moet só in Jesus Christus glo as spesiaal vir God, uniek vir God, enig en totaal anders vir God – so dat Hy met sy menslike liggaam ons voor God heilig, foutloos en onberispelik stel. Dit is totaal iets anders om te glo – jy is so spesiaal, uniek, uitsonderlik en enig vir God.

Daarom is die openbaring van wie Jesus Christus ons vir God maak, totaal anders as motiveringspraatjies deur God of spirituele leiers. Om gevestig, standvastig en onbeweeglik te wees in die sekerheid dat jy voor God heilig, foutloos en onberispelik is, moet jy in die vertroue en hoop bly volhard dat die Here Jesus Christus jou so maak, terwyl jy elke dag jouself volgens God se wet onheilig, vol foute en berispelik maak. So moet jy glo in wie God jou maak en vir Hom laat wees en nie wie jy jouself maak nie. (Kol. 1:23)

Spirituele motiveringspraatjies in God se Naam doen iets anders!

Dit oortuig jou om jouself so spesiaal en uniek te sien, dat jy jouself net weer moet regruk, regmaak en regkry met die geloof ek kan dit doen want ek is so spesiaal vir

Christus laat ons strewe na wie Hy ons vir God laat wees

God. So laat motiveringspraatjies jou so goed voel oor jouself dat jy jouself anders sien, en in jouself glo en jouself regkry. Dit terwyl ons net deur geloof in Christus en sy unieke menswees en daad ons self vir God as heilig, foutloos en onberispelik kan sien.

3. God wys ons nie op die positiewe in ons lewensomstandighede en verander ons selfbeeld van negatief na positief nie. God neem ons sondige geaardheid weg sodat ons kan strewe na en bedink wat daarbo is. (Kol. 3: 1 – 3) Die oproep tot 'n nuwe lewe waar gelowiges strewe na en bedink wat daarbo is, is 'n totaal ander lewenswyse as om op aarde die positiewe in jou omstandighede te sien en met 'n positiewe selfbeeld positiewe uitkomst op aarde te wil bewerk.

Wat is “daarbo” wat gelowiges na strewe en bedink?

Wat sien ons, ons ons oë opslaan na die hemel? Die dinge daarop in die hemel is nie geluk, voorspoed, gesondheid en mag op aarde nie. Dit is ook nie 'n goddelike lewe wat ons op aarde kan beleef nie. Dit is nog minder 'n Almagtige God teenoor wie ons vervreem staan. En dit is ook beslis nie niks soos goddeloses niks daarbo kan of wil sien nie.

Ons sien Jesus Christus aan die regterhand van die Vader sit (Hand. 7: 55, 56) en ons lewe met Jesus Christus wat in God verborge is. (Kol. 3: 1, 3,4) In die hemel daarbo sien ons Hom met wie se liggaam as mens ons vandag verenig is, en so saam met Hom opgewek is om sy lewe as ons lewe met God te leef. Die “dinge” wat ons daarbo sien, is ons heiligheid, foutloosheid en onberispelikheid vir God se liefde vir ons hier op aarde. Dit is hoe ons die oproep moet hoor “strewe na en bedink die dinge wat daarbo is.” Dit is 'n oproep om vir God die mens te wil wees en na die mens te wil strewe wie Hy jou vir Hom laat wees. Ek wil strewe om die heilige, foutlose en onberispelike mens te wees wat Hy maak en laat wees vir Hom. Ek wil my heiligheid, foutloosheid en onberispelikheid elke dag bedink terwyl alles wat ek doen, dink, voel en ervaar van myself oor wie ek vir God deur my sondes is, uit my lewe, strewe en gedagtes verdring.

Hierdie is die nuwe geaardheid wat God in ons skep in ons vereniging met Christus as mens in die hemel - ek wil strewe na en bedink wie God my vir Hom laat wees. In hierdie vereniging het God my sondige geaardheid - dat ek nie wil wees wat God my maak en laat wees nie - uit my weg weggeeneem.

Wanneer ons strewe na en bedink dat ons vir God se liefde heilig, sonder foute en onberispelik is, maak dit ons strewe na sonde dood en bedink ons nie meer die sonde waarop ons ingestel was nie. Uit hierdie geloof kan ons nooit weer ons sondes doen en ervaar as wie ons werklik is en bestem is om te wees nie. Elke keer wanneer ons sonde doen, weet ek en ervaar ek my sonde so dat ek nie dit my strewe kan maak en as my werklike self kan bedink nie. Omdat ek weet ek is vir God se liefde heilig, sonder foute en onberispelik, ook in die sondes wat ek doen, kan ek nooit weer met sondes myself so wees dat ek tuis is in my sonde nie. Ontdek ek dat in my lewe met Christus kan ek nie met sondes wees wie ek vir god gemaak is om te wees nie.

Christus laat ons strewe na wie Hy ons vir God laat wees

Die krag van sonde om my te laat glo dat ek my sondes is, het Christus in my verbreek met my lewe met Hom wat in God verborge is. Ons is nie wie ons deur ons sondes is nie. Ons is wie Christus ons vir God se liefde maak.

4. Jesus Christus gee ons nie 'n positiewe selfbeeld nie. Hy maak ons weer nuut as beeld van God – Hy skep in ons 'n nuwe menswees wat na die dinge daarbo strewe en dit bedink. God maak ons nuwe mense wat ons deur Christus ons verborge lewe met Hom laat leef. (Kol. 3: 3) Hierdie verborge lewe in God is ons lewe in God se versoening met ons as sondaars. (Kol. 1: 22)

Paulus roep ons op ons ons te beklee met innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld en liefde. Hierdie is nie 'n wettiese oproep dat jy met die regte gesindhede moet leef nie. Om jou te beklee is ook alles en behalwe dat jy met 'n positiewe selfbeeld jou met positiewe dinge moet besig hou. Om jouself te beklee is om op te tree uit die verborge lewe wat jy moet God leef in en deur Jesus Christus. Dit is om te leef uit wie god jou maak en laat wees deur sy versoening met jou.

Ons verborge lewe met God binne sy versoening is 'n lewe wat God altyd vir ons net goed is deur Jesus Christus wat aan die kruis sy vervloeking op ons sondes gedra het. (Gal. 3: 13) God se goedheid waarin Hy ons altyd seën (Gal. 3: 14) ten spyte van ons sondigheid en oortredings, skep in ons 'n goedheid teenoor onself en ons naaste ten spyte van ons eie slegtheid.

Binne ons verborge lewe met God ken ons God as die Persoon wat “Hoewel Hy in die gestalte van God was, Hy die gelykheid aan God nie beskou het as iets om aan vas te klem nie, maar Hy het Homself daarvan leeg gemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem, en aan mense gelyk te word, En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, het Hy Homself verneder deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe. ...” (Fil. 2: 5 – 7) God het self die vernedering om die sondaar wat ons is op Homself te neem in Christus. Deur hierdie vernedering wat Christus in my plek is, skep Hy in my 'n nederigheid om aan God gehoorsaam te leef.

Binne ons verborge lewe met God leef ons in god se barmhartigheid vir ons as sondige mense en tree Hy vir ons in omdat ons nie kan wees waarvoor god ons gemaak het nie: “Daarom moes Hy in elke opsig gelyk word aan sy broers, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon word, om as offer te dien tot versoening van die volk se sondes. Want omdat Hy self gelyk het toe Hy versoek is 9en nie toegegee het nie) is hy in staat om dié wat versoek word (en toegee) te help. (Heb. 2: 17 ,18) In en deur hierdie barmhartigheid van God met ons, maak god ons sagmoedig teenoor onself en ons naaste.

Net so leef ons 'n verborge lewe waarin God lankmoedig met ons en ons sondes is, en dit maak ons geduldig met onself en ons naaste.(2 Pet. 3:15, Ps. 103: 8 – 14) Die verborge lewe met God is ons lewe met waarin Hy ons altyd net liefhet en self instaan en intree vir ons sondigheid en nie ons sondigheid gebruik om Homself teenoor ons te stel nie. (Rom. 8: 31 – 39) In en deur hierdie liefde skep God in ons ook 'n innige meelewing met ons self en ons naaste waarin ons ons self in hulle plek kan stel in gevoel, gedagtes en ervaring, en so kan lief hê. (1 Kor. 13)

Christus laat ons strewe na wie Hy ons vir God laat wees

5. Die oproep tot gehoorsaamheid in en deur die geloof dat ons vir God se liefde geheilig is, is om op te hou strewe en te bedink wie ek myself maak deur my sondes. Dit is om in die oortuiging te leef ek is nie my sondes nie. Ek is wie God my maak en laat wees vir sy liefde.

‘n Dominee, pastoor of priester wat optree as God se motiveringspreker is mense wat die meeste verwarring skep. Eers vervang hulle Jesus Christus as Here met “love-bombing”, maak hulle van jou ‘n ophef en hemel hulle jou op om net in die volgende sin jou met jou sondigheid voor God te stel as jou ware self. In hierdie posisie wat hulle jou voor God plaas moet jy dan volgens hulle jouself vir God kruisig, jou eie-ek vir God doodmaak en jouself niks maak sodat God alles binne in jou kan kom wees. Dit alles moet jy doen omdat jy jouself moet aanvaar as onheilig, vol foute en aanspreeklik vir jou sondes. So probeer hulle die geloof in jou dat Christus jou heilig, sonder foute en onberispelik voor God stel, doodmaak,

Na hulle jou vervreem het van wie God jou vir Hom maak en laat wees, word hulle die wêreld se spirituele selfbeeldkustenaars. Hulle leer dan mense dat hulle nie ‘n gewone selfbeeld moet hê nie, maar die goddelike selfbeeld moet kry wat hulle aan mense voorhou. So moet jy jouself nie sien as ‘n mens wat in menslike krag optree nie, maar moet jy jouself sien as ‘n mens vervul met goddelike kragte. Net so moet jy nie jou eie menslike persoon, jou eie-ek hê nie maar moet jy voel God is jou innerlike. Jy moet jouself nie meer ken as ‘n mens met menslike gedagtes, planne, visies en missies nie, maar moet jy jouself sien as iemand vervul met God se gedagtes, planne, drome, visies en missies.

Volgens hulle is ‘n menslike selfbeeld, ‘n negatiewe selfbeeld en ‘n goddelike selfbeeld ‘n positiewe selfbeeld, om gewoon mens te wil wees is volgens hulle ‘n negatiewe lewenshouding en om jouself goddelikheid te beleef die positiewe selfbeeld.

God verander nie onself beeld nie. Hy maak as mense wie Hy as mense vir Hom wil hê. Hy maak ons as mense heilig, foutloos en onberispelik volgens sy wet vir sy liefde deur Jesus Christus. So laat God ons nie positief leef nie, maar laat Hy ons in die verborgenheid van sy liefde vir ons leef. Gelowiges strewe na en bedink nie positiewe selfbeelde nie. Hulle strewe en bedink wie Jesus Christus hulle vir God laat wees.

Kan mense met ‘n negatiewe selfbeeld met innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld en liefde vir mense leef? (Kol. 3: 12 – 15) Hulle kan! Hulle kan omdat hulle leef met die geloof dat hulle lewe in God se liefde, goedheid, barmhartigheid lankmoedigheid en meelewing. Kan mense met ‘n positiewe selfbeeld gerig wees op onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes en gierigheid? (Kol. 3: 5) Hulle kan! Want ‘n positiewe selfbeeld is totaal iets anders as die geloof dat ek vir god kan wees wat hy my maak: heilig, foutloos en onberispelik. Ons strewe en bedink wie God ons maak, nie wie selfbeeld kunstenaars ons met motiveringspraatjies probeer maak nie.